Weerstand: MIV-1 isolater met verlaagde vatbaarheid vir efavirens (meer as 380-voudige toename in IK_{90}) in vergelyking met basislyn kan *in vitro* ontwikkel. Fenotipiese veranderinge in MIV-1 isolate en genotipiese veranderinge in plasmavirus van geselekteerde pasiënte wat met efavirens in kombinasie met IDV of ZDV plus lamivudien behandel is, is gemonitor. Een of meer TT-mutasies by aminosuur posisies 100, 101, 103, 108, 190 en 225 is in al 62 pasiënte met 'n frekwensie van ten minste 10 % in vergelyking met basislyn waargeneem. Die mutasie by die RT aminosuur posisie 103 (lisien tot asparagiene), was die mees dikwels waargeneem (groter of gelyk aan 90 %). 'n Gemiddelde verlies in vatbaarheid (IK_{90}) teenoor efavirenz van 47 voudig was waargeneem in 26 kliniese isolators.Vyf kliniese isolate is vir beide genotipiese en fenotipiese veranderinge vanaf basislyn geëvalueer. Afnames in vatbaarheid vir efavirens (wissel van 'n 9- tot meer as 312-voudige toename in IK_{90}) is *in vitro* vir hierdie isolator in vergelyking met basislyn waargeneem. Al vyf isolate het ten minste een van die efavirens ge-assosieerde TT-mutasies besit. Die kliniese betekenis van fenotipiese en genotipiese veranderinge geassosieer met efavirens terapie is nie vasgestel nie.

Kruisweerstand: Die vinnige ontwikkeling van MIV-1 stamme wat kruisweerstandbiedend teen die nie-nukleosied TT inhibeerders is, is *in vitro* waargeneem. Kliniese isolate wat voorheen as efavirensweerstandbiedend gekenmerk is, was ook *in vitro* fenotipies weerstandbiedend teen nevirapien en delavirdien, in vergelyking met basislyn. Klinies verworwe ZDV-weerstandbiedende MIV-1 wat *in vitro* geïsoleer en getoets is, het hul vatbaarheid vir efavirens behou. Kruisweerstand tussen efavirens en MIV-proteaseïnhibeerders is weens die verskillende ensiemteikens wat betrokke is, onwaarskynlik.

Farmakokinetiese eienskappe:

Absorpsie: Piek efavirensplasmakonsentrasie van 1,6 – 9,1 μM is na 5 ure na enkel orale dosisse van 100 mg tot 1 600 mg, toegedien aan onbesmette indiwidue, bereik. Dosisverwante toename in K_{maks} en AOK is waargeneem vir dosisse van tot soveel as 1 600mg, die toenames was minder as proporsioneel, wat dui op 'n agteruitgang van absorpsie teen hoër dosisse. Vastestaat plasmakonsentrasies word binne 6 – 7 dae bereik.

Verspreiding: Efavirens word sterk aan menslike plasmaproteïene, hoofsaaklik albumien, gebind (ongeveer 99,5 tot 99,7 %). In MIV-1 besmette pasiënte wat efavirens 200 tot 600 mg een keer per dag vir ten minste 'n maand ontvang het, het die konsentrasie in die serebrospinale vloeistof gewissel van 0,26 tot 1,19 % (gemiddeld 0,69 %) van die ooreenstemmende plasmakonsentrasie. Hierdie gedeelte is ongeveer drie keer hoër as die nie- proteïngebonde (vrye) fraksie van efavirens in die plasma.

Metabolisme: Efavirens word hoofsaaklik deur die sitochroom P450 sisteem na gehidroksileerde metaboliete met die daaropvolgende glukuronidasie van hierdie gehidroksileerde metaboliete. Hierdie metaboliete is onaktief teen MIV-1, CYP3A4 en CYP2B6 is die belangrikste isoënsieme wat vir die metabolisme van efavirens verantwoordelik is. Dit is aangetoon dat efavirens P450 ensieme induseer, wat tot die induksie van sy eie metabolisme lei.

Eliminasie: Efavirens besit 'n lang terminale halfleeftyd van 52 tot 76 ure na enkel dosisse, en 40 - 55 ure na veervuldige dosisse. Ongeveer 14 – 34 % van 'n radiogemerkte dosis efavirens is in die urine herwin, terwyl 16 – 61 % in die feses, hoofsaaklik in die vorm van metaboliete, herwin is.

Spesiale populasies:

Belemmerde lewerfunksie:

Die farmakokinetika van efavirens is nie voldoende in pasiënte met belemmerde lewerfunksie bestudeer nie.

Belemmerde nierfunsie:

Die farmakokinetika van efavirens is nie in pasiente met belemmerde nierfunksie bestudeer nie. Minder as 1 % van efavirens word egter onveranderd in die urine uitgeskei – die impak van belemmerde nierfunksie op die eliminasie van efavirens behoort daarom minimaal te wees.

Geslag en ras:

Dit wil voorkom asof die farmakokinetika van efavirens soortgelyk in mans en vroue, asook onder verskillende rasgroepe is.

Geriatriese gebruik:

Farmakokinetika van efavirens is nie bestudeer in mense van 65 jaar en ouer nie, om te sien of hulle verskillend reageer.

Pediatriese gebruik:

In 49 pediatriese pasiënte wat die ekwivalent van 'n 600 mg dosis efavirens ontvang het (dosis aangepas volgens die berekende liggaamsgrootte op grond van gewig), was die vastevlak K_{maks} 14,2 μM, die vastevlak K_{min} was 5,6 μM, en AOK was 218 μM. Die famakokinetika van efavirens in pediatriese pasiënte is soortgelyk aan die in volwassenes.

INDIKASIES:

ERIGE 600 mg TABLETS in kombinasie met ander anti-retro virus middels, word aangedui vir die behandeling van MIV-1 besmette volwassenes, adolessente en kinders wat 40 kg en meer weeg, en/of 3 jaar en ouer is.

KONTRA-INDIKASIES:

ERIGE 600 mg TABLETS word teenaangedui in pasiënte met 'n hipersensitiwiteit teen **ERIGE 600 mg TABLETS** of enige van sy komponente.

ERIGE 600 mg TABLETS behoort nie saam met terfenadien, astemisool, kisapried, midasolam, triasolam of ergotderivate toegedien te word nie, aangesien die kompetisie vir CYP3A4 deur efavirens tot 'n inhibisie van die metabolisme van hierdie middels mag lei, wat die potensiaal vir ernstige en/of lewensbedreigende newe-effekte (bv. kardiale disritmieë, verlengde sedering of respiratoriese onderdrukking) mag skep.

Swangerskap en laktasie (sien **"SWANGERSKAP EN LAKTASIE"**).

Kinders jonger as 3 jaar oud of wat minder as 40 kg weeg.

WAARSKUWINGS en SPESIALE VOORSORGMAATREËLS:

Vind uit oor medisyne wat NIE met ERIGE 600 mg TABLETS geneem moet word nie (sien **"KONTRA-INDIKASIES" en "NEWE-EFFEKTE").**

Weerstandige virus stamme ontwikkel vinnig wanneer **ERIGE 600 mg TABLETS** as monoterapie toegedien word. Daarom behoort **ERIGE 600 mg TABLETS** nie as 'n enkel middel gebruik te word om MIV te behandel nie, of as 'n enkel middel bygevoeg word by 'n regimen wat misluk het.

Ernstige senuweestelsel- en psigiatriese simptome is aangemeld.

Wanneer medisyne saam met **ERIGE 600 mg TABLETS** voorgeskryf word, moet geneeshere na die ooreenstemmende produksiesirkulêr verwys. As enige antiretrovirale medikasie in 'n kombinasie-regimen onderbreek word as gevolg van vermoedelike onverdraagsaamheid, moet die gelyktydige staking van alle antiretrovirale medikasie oorweeg word. Die antiretrovirale medisyne moet terselfdertyd weer begin word na die oplossing van die simptome van onverdraagsaamheid. Onderbroke monoterapie en opeenvolgende herbekendstelling van antiretrovirale middels word nie aanbeveel nie as gevolg van die verhoogde potensiaal vir seleksie van 'n geneesmiddelweerstandige mutantvirus.

Veluitslag: Min tot matige uitslag is gerapporteer met gebruik van **ERIGE 600 mg TABLETS** en is normaalweg opgelos met voortgesette terapie. Geskikte antihistamiene en/of kortikosteroïede kan die verdraagsaamheid verbeter en die oplossing van die veluitslag vinniger maak. **ERIGE 600 mg TABLETS** moet gestaak word by pasiënte wat ernstige uitslag ontwikkel wat verband hou met blase, afskilfering, mukosale betrokkenheid of koors. As die behandeling met **ERIGE 600 mg TABLETS** gestaak word, moet daar ook gekyk word na die onderbreking van die behandeling met ander antiretrovirale middels om die ontwikkeling van 'n middelweerstandige virus te voorkom (sien "**NEWE-EFFEKTE**").

Profilakse met toepaslike antihistamiene kan voor behandeling met **ERIGE 600 mg TABLETS** by kinders oorweeg word.

Simptome van Senuweestelsel: Simptome van die senuweestelsel is aangemeld met gebruik van **ERIGE 600 mg TABLETS** (sien **"NEWE-EFFEKTE"**). Daar is ook berigte oor psigose-agtige reaksies, soos misleidings en onvanpaste gedrag (insluitend aggressiewe reaksies), veral by pasiënte met 'n geskiedenis van geestesongesteldheid of dwelmmisbruik. Ernstige akute depressie (insluitend selfmoordgedagtes/-pogings) is ook gereeld by beide **ERIGE 600 mg TABLETS**-behandelde en kontrole-behandelde pasiënte gerapporteer, veral by pasiënte met 'n vorige depressiegeskiedenis. Pasiënte moet in kennis gestel word dat as hulle hierdie simptome ervaar, hulle onmiddellik hul dokter moet kontak, omdat die staking van **ERIGE 600 mg TABLETS** nodig mag wees.

Spesiale Bevolkings: Vanweë die uitgebreide sitochroom P450-gemedieërde metabolisme van **ERIGE 600 mg TABLETS** beperkte kliniese ondervinding by pasiënte met chroniese lewersiekte, moet versigtigheid toegepas word by die toediening van **ERIGE 600 mg TABLETS** aan pasiënte met lewersiekte.

Lewerensieme: In pasiënte met 'n bekende of vermoedelike geskiedenis van Hepatitis B of C infeksie en by pasiënte wat behandel word met ander medisyne wat met lewertoksisiteit verband hou, word die monitering van lewerensieme aanbeveel.

In pasiënte met 'n aanhoudende verhoging van serumtransaminases tot meer as 5 keer die boonste limiet van die normale omvang, moet die voordeel van voortgesette terapie met **ERIGE 600 mg TABLETS** opgeweeg word teen die onbekende risiko's van beduidende lewertoksisiteit (sien **"NEWE-EFFEKTE"**).

Cholesterol: Monitering van cholesterol en trigliseriede moet oorweeg word by pasiënte wat met **ERIGE 600 mg TABLETS** behandel word (sien **"NEWE-EFFEKTE"**).

Lipodistrofie en metaboliese abnormaliteite: Kombinasie antiretrovirale behandeling is geassosieer met die herverdeling/opeenhoping van liggaamsvet, insluitend sentrale vetsug, dorso-servikale vet, vergroting (buffelbult), perifere uittering, gesigsuittering, borsvergroting en verhoogde serumlipied en glukose vlakke in MIV-pasiënte.

Die kliniese ondersoek moet die fisiese tekens van vetherverdeling insluit. Pasiënte met 'n bewys van lipodistrofie moet 'n deeglike kardiovaskulêre risikobepaling ondergaan.

Immuunrekonstitusie-inflammatoriese sindroom: Immuunrekonstitusie-inflammatoriese sindroom (IRIS) is 'n immunopatologiese respons wat voortspruit uit die vinnige herstel van patogeen-spesifieke immuunrespons op bestaande antigene gekombineer met immuun-disregulasie, wat plaasvind kort na die aanvang van die kombinasie van antiretrovirale terapie (cART). Tipies is sulke reaksies voortspruitend uit paradoksale agteruitgang van opportunistiese infeksies wat behandel word of met die ontmaskering van 'n asimptomatiese opportunistiese siekte, dikwels met 'n atipiese inflammatoriese voorstelling. IRIS ontwikkel gewoonlik binne die eerste drie maande na die aanvang van ART en kom meer gereeld voor by pasiënte met 'n lae CD4-telling. Algemene voorbeelde van IRIS-reaksies op opportunistiese siektes is tuberkulose, sitomegalovirus retinitis en kriptokokkale meningitis.

Die toepaslike behandeling van die opportunistiese siekte moet ingestel word of voortgesit word en ART voortgesit word. Inflammatoriese manifestasies bedaar gewoonlik na 'n paar weke. Erge gevalle reageer moontlik op glukokortikoïede, maar daar is slegs beperkte bewyse hiervan by pasiënte met IRIS van tuberkulose. Auto-immuunafwykings (soos Graves se siekte) is ook as IRIS-reaksies aangemeld; die gerapporteerde tyd tot aanvang is egter meer veranderlik en hierdie gebeure kan baie maande na die aanvang van die behandeling plaasvind.

Osteonekrose: Alhoewel die etiologie as multifaktoriaal beskou word (insluitend kortikosteroïedgebruik, alkoholverbruik, ernstige immuunonderdrukking, hoër liggaamsmassa-indeks), is gevalle van osteonekrose aangemeld, veral by pasiënte met gevorderde MIV-siekte en/of langtermyn blootstelling aan kombinasie antiretrovirale terapie (cART). Pasiënte moet aangeraai word om mediese advies in te win as hulle gewrigspyne en pyn, gewrigstyfheid of probleme met beweging ervaar.

Opportunistiese infeksies: Pasiënte wat **ERIGE 600 mg TABLETS** ontvang, moet in kennis gestel word dat hulle kan voortgaan met die ontwikkeling van opportunistiese infeksies en ander komplikasies van MIV-infeksie, en daarom moet hulle onder fyn opservasie gehou word deur professionele gesondheidsorgpersoneel wat ervare is in die behandeling van pasiënte met gepaardgaande MIV-siekte. Gereelde monitering van viruslading en CD4-tellings moet gedoen word.

Die risiko van MIV-oordrag aan ander: Pasiënte moet daarop gewys word dat die huidige antiretrovirale terapie, insluitend **ERIGE 600 mg TABLETS**, nie die risiko van oordrag van MIV aan ander deur seksuele kontak of bloedbesmetting voorkom nie. Daar moet voortgegaan word om toepaslike voorsorgmaatreëls te tref.

Pediatriese gebruik:

ERIGE 600 mg TABLETS is nie bestudeer by kinders onder 3 jaar nie, of wat minder as 40 kg weeg nie. Daarom word **ERIGE 600 mg TABLETS** nie in hierdie groep aanbeveel nie.

Effekte op die bestuur en bestuur van masjiene:

ERIGE 600 mg TABLETS kan duiseligheid, verswakte konsentrasie en/of slaperigheid veroorsaak. Pasiënte moet opdrag gegee word dat, as hulle hierdie simptome ervaar, hulle potensieel gevaarlike take soos bestuur of bestuur van masjiene moet vermy.

INTERAKSIES:

ERIGE 600 mg TABLETS is 'n induseerder van CYP3A4. Ander verbindings wat 'n substraat van CYP3A4 is, mag laer plamakonsentrasies hê wanneer dit saam met **ERIGE 600 mg TABLETS** toegedien word.

Indinavir: Wanneer indinavir (800 mg elke 8 ure) saam met **ERIGE 600 mg TABLETS** (200 mg elke 24 ure) toegedien is, het die AOK en K_{trog}, weens ensieminduksie, met ongeveer 31 % en 16 % respektiewelik afgeneem. Geen dosisaanpassing van **ERIGE 600 mg TABLETS** is nodig wanneer dit saam met indinavir toegedien word nie.

Ritonavir: Toe **ERIGE 600 mg TABLETS** (een keer per dag toegedien met slapenstyd) en ritonavir 500 mg (elke 12 ure toegedien) in besmette vrywilligers bestudeer is, is die kombinasie nie goed verdra nie en het dit met 'n hoër frekwensie van kliniese newe-effekte (bv. duiseligheid, naarheid, parestesie en 'n toename in lewer ensieme het voorgekom) gepaard gegaan.

Die monitering van lewer ensieme word aanbeveel wanneer **ERIGE 600 mg TABLETS** in kombinasie met ritonavir gebruik word.

Sakinavir: Toe sakinavir (1 200mg, sagte kapsuleformulasie, 3 keer per dag) saam met **ERIGE 600 mg TABLETS** toegedien is, het die sakinavir AOK en K_{maks} met 62 % en 50 % respektiewelik afgeneem. Die gebruik van **ERIGE 600 mg TABLETS** in kombinasie met sakinavir as die enigste PI word nie aanbeveel nie.

Rifamisiene: Rifampisien het die AOK van **ERIGE 600 mg TABLETS** met 26 % en die K_{maks} met 20 % in 12 onbesmette vrywilligers laat afneem. Die **ERIGE 600 mg TABLETS** dosis moet na 800 mg/dag verhoog word wanneer dit saam met rifampisien gebruik word. Geen dosisaanpassing vir rifampisien word aanbeveel wanneer dit saam met **ERIGE 600 mg TABLETS** gebruik word nie. Rifabutien is nie in kombinasie met **ERIGE 600 mg TABLETS** bestudeer nie.

Klaritromisien: Die medetoediening van 400 mg **ERIGE 600 mg TABLETS** een keer per dag met klaritromisien as 500 mg elke 12 ure sewe dae het tot 'n aansienlike effek van efavirens op die farmakokinetika van klaritromisien gelei. Die AOK en K_{maks} van klaritromisien het met 39 % en 26 % respektiewelik afgeneem terwyl die AOK en K_{maks} van die aktiewe klaritromisien hidroksiemetaboliet met 34 % en 49 % respektiewelik toegeneem het wanneer in kombinasie met **ERIGE 600 mg TABLETS** gebruik is. Die kliniese betekenis van hierdie veranderinge in die plasmavlakke van klaritomisien is nie bekend nie. In onbesmette vrywilligers het 46 % uitslag ontwikkel terwyl hulle **ERIGE 600 mg TABLETS** en klaritomisien ontvang het. Geen dosisaanpassings van **ERIGE 600 mg TABLETS** word aanbeveel wanneer dit saam met klaritromisien toegedien word nie. Alternatiewe tot klaritromisien mag oorweeg word.

Orale voorbehoedmiddels: Slegs die etinielestradiol komponent van orale voorbehoedmiddels is bestudeer. Die AOK na 'n enkel dosis etinielestradiol het toegeneem (37 %) na veelvuldige dosisse van **ERIGE 600 mg TABLETS**. Geen noemenswaardige veranderinge is in die K_{maks} van etinielestradiol waargeneem nie. Die kliniese betekenis van hierdie effekte is nie bekend nie. Geen effek van 'n enkel dosis etinielestradiol op die K_{maks} of AOK van efavirens is waargeneem nie. Aangesien die potensiële interaksie van **ERIGE 600 mg TABLETS** met orale voorbehoedmiddels nie ten volle bestudeer is nie, behoort 'n betroubare metode van skeidingsvoorbehoeding, bo en behalwe orale voorbehoeding, gebruik te word.

Metadoon: Die medetoediening van **ERIGE 600 mg TABLETS** met metadoon in MIV-besmette IV dwelmgebruikers, het tot 'n afname in plasmavlakke van metadoon en tekens van opiaatonttrekking gelei. Die matadoondosis is met 'n gemiddeld van 22 % verhoog om die onttrekkingsimptome te verlig. Pasiënte behoort vir tekens van onttrekking gemonitor te word en hul metadoondosis behoort verhoog te word om die onttrekkingsimptome te verlig.

St, John se kruid *(Hypericum perforatum):* Pasiënte op **ERIGE 600 mg TABLETS** behoort nie terselfdertyd produkte wat St. John se kruid *(Hypericum perforatum)* te gebruik nie, aangesien daar verwag word dat dit tot 'n afname in plasmakonsentrasie van **ERIGE 600 mg TABLETS** mag lei. Hierdie effek is weens 'n induksie van CYP3A4 en mag tot 'n verlies aan die terapeutiese effek en die ontwikkeling van weerstand lei.

Kannabinoïed Toetsinteraksie: ERIGE 600 mg TABLETS bind nie aan kannabinoïedreseptore nie. Vals positiewe urienkannabinoïed toetsresultate is in onbesmette vrywilligers wat **ERIGE 600 mg TABLETS** ontvang het, aangemeld. Vals positiewe toetresultate is slegs waargeneem met die CEDIA DAU Multivlak THC-bepaling, wat vir sifting gebruik word, en is nie met ander kannabinoïed bepalings, insluitend toetse wat vir die bevestiging van positiewe resultate gebruik word, waargeneem nie.

SWANGERSKAP EN LAKTASIE:

Die gebruik van **ERIGE 600 mg TABLETS** word nie gedurende swangerskap en laktasie aanbeveel nie, aangesien teratogenisiteit opgemerk is. Wanvorming is waargeneem in fetusse van **ERIGE 600 mg TABLETS** behandelde apies wat dosisse ontvang het wat plasmakonsentrasies van die middel gelewer het, soortgelyk aan die in mense wat 600 mg per dag ontvang het. Swangerskap behoort daarom vermy te word in vroue wat **ERIGE 600 mg TABLETS** ontvang.

Skeidingsvoorbehoeding behoort altyd in kombinasie met ander metodes van voorbehoeding (bv, orale of ander hormonale voorbehoeding) gebruik te word. Vroue van barensmoondheid behoort 'n swangerskaptoets voor die inisiëring van **ERIGE 600 mg TABLETS** te ondergaan (sien: **"KONTRA-INDIKASIES"**).

Die veiligheid in laktasie is nie vasgestel nie. Aangesien dieredata daarop dui dat die middel na moedersmelk mag versprei, word dit aanbeveel dat moeders wat **ERIGE 600 mg TABLETS** gebruik, nie hul babas borsvoed nie. Dit word aanbeveel dat MIV-besmette moeders nie hul babas onder geen omstandighede borsvoed nie, om die oordraging van MIV te voorkom.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS:

Volwassenes: Die aanbevole **ERIGE 600 mg TABLETS** dosis in kombinasie met 'n proteaseïnhibeerder, en/of nukleosied analoogtrutranskripaseïnhibeerders (NTTI's) is 600 mg een keer per dag. **ERIGE 600 mg TABLETS** mag op 'n leë maag geneem word, verkieslik met slapensyd.

Om die verdraagsaamheid van newe-effekte van die senuweestelsel te verbeter, word dosering met slapensyd vir die eerste twee tot vier weke van terapie aanbeveel, asook in pasïente wat aanhou om hierdie simptome te ondervind (sien **"NEWE-EFFEKTE"**).

Meegaande Antiretrovirusterapie: ERIGE 600 mg TABLETS moet in kombinasie met ander anti-retro virus middels toegedien word (sien **"INTERAKSIES"**).

Adolessente en kinders (jonger as 17 jaar): ERIGE 600 mg TABLETS mag geneem word op n leë maag, teen slapenstyd. **ERIGE 600 mg TABLETS** behoort slegs in volwassenes en kinders wat 40 kg of meer weeg, gebruik te word.

NEWE-EFFEKTE

ERIGE 600 mg TABLETS kan newe-effekte hê.

Afwykings van die metabolisme en voeding

Die volgende newe-effekte is aangemeld en die frekwensies is onbekend: Massatoename en –verlies.

Afwykings van die senuweestelsel

Dikwels: Duiseligheid, belemmerde konsentrasie, slaapsug, slaaploosheid, verdiepte depressie.

Minder dikwels: Abnormale drome, hoofpyn, abnormale/belemmerde koördinasie, ataksie, stuiptrekkings, hipoëstesie, parestesie, neuropatie, perifere neuropatie, bewerasie, agitasie, geheuverlies, angs, apatie, verwardheid, emosionele onstabiliteit, euforie, hallusinering, neuralgie, spraakafwyking, bewerasie en vertigo.

Oogafwykings

Minder dikwels: Abnormale visie

Afwykings van die oor en labirint

Minder dikwels: Tinnitus

Hartafwykings

Minder dikwels: Hittegloede, hartkloppings en tagikardie

Respiratoriese, torakale- en mediastinale afwykings

Minder dikwels: Asma, boonste lugweginfeksies.

Die volgende newe-effekte is aangemeld en die frekwensies is onbekend: Sinusitis, dispnee

Gastroïntestinale afwykings

Dikwels: Naarheid, braking, diaree

Minder dikwels: Anoreksie, dispepsie, buikpyn, gastritis, gastroënteritis, gastro-esofagale refluks, smaakafwyking.

Die volgende newe-effekte is aangemeld en die frekwensies is onbekend: Toename in eetlus, hardlywigheid en wanabsorpsie.

Hepato-bileêre afwykings

Minder dikwels: Hepatitis

Die volgende newe-effekte is aangemeld en die frekwensie is onbekend: Toename in lewer ensieme en lewerversaking.

Afwykings van die vel en subkutane weefsel

Dikwels: Uitslag, pruritus en toename in sweet

Minder dikwels: Ekseem, alopesie, follikulitis, velafskilfering, urtikarie, erythema muliforme, Stevens-Johnson se sindroom.

Die volgende newe-effekte is aangemeld en die frekwensies is onbekend: Aknee, seborree, naelafwykings, velverkleuring.

Muskuloskeletale, bindweefsel- en beenafwykings

Minder dikwels: Artralgie, mialgie en miopatie

Afwykings van die reproduksiestelsel en bors

Die volgende newe-effekte is aangemeld en die frekwensie is onbekend: Impotensie, afname in libido, toename in libido.

Algemene afwykings en kondisies by die plek van aanwending

Dikwels: Moegheid

Die volgende newe-effekte is aangemeld en die frekwensies is onbekend: Alkoholintoleransie, allergiese reaksie, astenie, hittegloede, griepagtige simptome, malaise, pyn, sinkopee en herverspreiding/akkumulasie van liggaamsvet.

Ondersoeke

Minder dikwels: Verhoogde lewer ensiem waardes het voorgekom, veral in pasïente met virale hepatitis. 'n Toename in serum cholesterol- en trigliseriedkonsentrasies is aangemeld.

Lewer ensieme: Toenames in AST en ALT na meer as vyf keer die boonste limiet van normaal is in pasiente wat met 600 mg **ERIGE 600 mg TABLETS** behandel is, waargeneem.

Soortgelyke verhogings is gesien by pasiënte wat met kontrole behandelings behandel is. In 156 pasiënte wat met 600 mg **ERIGE 600 mg TABLETS** behandel is en wat sero-positief was vir Hepatitis B en/of C, het 7 % AST-vlakke ontwikkel, en 8 % het ALT-vlakke ontwikkel groter as vyf keer die boonste limiet van die normale reeks. By 91 pasiënte wat sero-positief was vir Hepatitis B en/of C, wat behandel was met kontrole regimente, het 5 % AST-verhogings ontwikkel en 4 % het ALT-verhogings ontwikkel tot hierdie vlakke. Verhogings van GGT tot meer as vyf keer die boonste limiet van die normale omvang is waargeneem by 4 % van alle pasiënte wat met 600 mg **ERIGE 600 mg TABLETS** behandel is, en in 10 % van die pasiënte wat sero-positief was vir Hepatitis B of C. By pasiënte wat behandel was met kontrole regimente, was die voorkoms van GGT-verhogings tot op hierdie vlak 1,5 tot 2 %, ongeag die serologie van Hepatitis B of C. Geïsoleerde verhogings van GGT by pasiënte wat **ERIGE 600 mg TABLETS** ontvang, kan die induksie van ensiem weerspieël wat nie met lewertoksisiteit verband hou nie (sien **"WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS"**).

Lipiede: Toenames van 10 tot 20 % in totale cholesterol is in sommige onbesmette vrywilligers wat **ERIGE 600 mg TABLETS** ontvang het, waargeneem. Toenames in nie-vastende totale cholesterol en HDL van ongeveer 20 % tot 25 % respektiewelik, is in pasiente wat met efavirens + ZDV +3TC behandel is, waargeneem en van ongeveer 40 % tot 35 % in pasïente wat met **ERIGE 600 mg TABLETS** + IDV behandel is. Die effek van **ERIGE 600 mg TABLETS** op trigliseriede en LDL is nie goed beskryf nie. Die kliniese betekenis van hierdie bevindings is onbekend (sien **"WAARSKUWINGS en SPESIALE VOORSORGMAATREËLS"**).

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN

Sommige pasïente wat per ongeluk 600 mg twee keer per dag geneem het, het 'n toename in simptome van die senuweestelsel en onwillekeurige spierkontraksies aangemeld. Die behandeling van oordosering met **ERIGE 600 mg TABLETS** behoort uit algemene ondersteunende maatreëls, insluitend die monitering van lewenstekens en observasie van die pasïent se kliniese status, te bestaan. Die toediening van geaktiveerde houtskool kan gebruik word om die ongeabsorbeerde middel te verwyder. Daar is geen spesifieke teenmiddel vir oordosering met **ERIGE 600 mg TABLETS** nie. Aangesien **ERIGE 600 mg TABLETS** hoogs proteïengebonde is, is dit onwaarskynlik dat die middel tot enige noemenswaardige mate deur dialise uit die bloed verwyder word.

IDENTIFIKASIE:

Geelkleurige ovaal, bikonvekse filmbedekte tablette gebosselleer met 'D' aan die een kant en '37' aan die ander kant.

AANBIEDING:

Die tablette word verpak in wit, ronde 80 ml HDPE-houers met polipropileen-skroefsluitings met 'n induksie-seëlprop.

Pakgrootte: 30 tablette per HDPE-houer.

BEWARINGSINSTRUKSIES:

Bewaar teen of benede 30 °C.

HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMER:

SUID-AFRIKA: A40/20.2.8/0513

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE:

Novagen Pharma (Pty) Ltd
Kantoor 2, Sovereignrylaan 100
Route 21 Corporate Park
Nellmapiusrylaan
Irene - Pretoria
Suid-Afrika

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE PROFESSIONELE INLIGTING:

Datum van registrasie: 30 November 2007
Datum van die nuutste hersiening van die teks soos goedgekeur deur die Raad: 30 November 2007
Datum van kennisgewing met betrekking tot gewysigde Reg. 9 en 10: 02 Februarie 2015

P1522658

⬆DETACH BEFORE DISPENSING

PASIËNTINLIGTINGSBILJET

SKEDULERINGSTATUS
SUID-AFRIKA: S4

EIENDOMSNAAM, STERKTE EN FARMASEUTIESE VORM
ERIGE 600 mg TABLETS (Tablet)
Efavirens.

Lees die hele biljet sorgvuldig deur voordat u met ERIGE 600 mg TABLETS begin

- Bewaar hierdie biljet. Miskien moet u dit weer lees.
- Vra u dokter of apteker as u nog vrae het.
- **ERIGE 600 mg TABLETS** is persoonlik vir u voorgeskryf en u moet nie u medisyne met ander mense deel nie. Dit kan hulle benadeel, selfs as hul simptome dieselfde is as joune.

1. WAT ERIGE 600 mg TABLETS BEVAT

- Die aktiewe bestanddeel is efavirens. Elke filmbedekte tablet bevat 600 mg efavirenz.
- Die ander bestanddele is: Natriumkroskarmellose, hidroksipropielsellulose, laktosemonohidraat, magnesiumstearaat, mikrokristallyne sellulose, opadry geel en natriumlaurielsulfaat.
- Bevat suiker (laktosemonohidraat).

2. WAT ERIGE 600 mg TABLETS VOOR GEBRUIK WORD

ERIGE 600 mg TABLETS word aangedui in kombinasie met ander antiretrovirale middels vir die behandeling van MIV-1 besmette volwassenes, adolessente en kinders wat meer as, of 40 kg weeg.

3. VOORDAT U ERIGE 600 mg TABLETS NEEM

Moenie ERIGE 600 mg TABLETS neem:

- as u hipersensitief (allergies) vir efavirens of een van die ander bestanddele van die formulasie is
- as u terfenadien astemisool, sisapried, midasolam, triasolam of ergotderivate gebruik. Dit kan die potensiaal skep vir ernstige en/of lewensgevaarlike nadelige gebeure (bv. hartaritmieë, langdurige kalmering of respiratoriese depressie).

Wees veral versigtig met ERIGE 600 mg TABLETS:

- **ERIGE 600 mg TABLETS** moet nie as 'n enkele middel gebruik word om MIV te behandel nie, of as 'n enigste middel by 'n mislukte regimen gevoeg word. Raadpleeg u dokter, apteker of ander gesondheidsorgwerker vir advies.
- Monitering van cholesterol moet oorweeg word by pasiënte wat met efavirens behandel word.
- U kan 'n toestand wat bekend staan as lipodistrofie ontwikkel terwyl u **ERIGE 600 mg TABLETS** neem. Stel u dokter of gesondheidswerker in kennis indien u 'n verandering in die verspreiding van u liggaamsvet (bv. ophoping van vet rondom die middel/maagarea, op die agterkant van die nek en tussen die skouers (buffelskof), borsvergroting) sien, uittering van die arms, bene en gesigspiere, en verhoogde bloedglukose en lipiedwaardes.
- As u die eerste keer **ERIGE 600 mg TABLETS** neem, kan u binne die eerste maande van die behandeling 'n toestand met die naam Immuun Rekonstitusie Inflammatoriese Sindroom (IRIS) ontwikkel. Hierdie toestand kan veroorsaak dat opportunistiese infeksies wat behandel word erger word, of dat opportunistiese siektes wat asimptomaties was, ontmasker kan word. Vertel u dokter of gesondheidsorgwerker as u algemene gesondheid vererger of as u dink dat u 'n infeksie het. U moet nie ophou om **ERIGE 600 mg TABLETS** te neem nie. U dokter sal die infeksies toepaslik behandel.
- U kan 'n toestand ontwikkel wat bekend staan as osteonekrose terwyl u **ERIGE 600 mg TABLETS** neem. Kry mediese advies indien u gewrigspyn en pyn, gewrigstyfheid of probleme met beweging ervaar.
- U kan voortgaan om opportunistiese infeksies en ander komplikasies van MIV-infeksie te ontwikkel terwyl u **ERIGE 600 mg TABLETS** neem. U moet noukeurig dopgehou word deur professionele persone in die gesondheidsorg wat ervare is in die behandeling van pasiënte met gepaardgaande MIV-siekte. Gereelde monitering van viruslading en CD4-tellings moet gedoen word.
- U loop nog steeds die risiko om MIV aan ander oor te dra deur seksuele kontak of bloedbesmetting terwyl u antiretrovirale terapie ondergaan, insluitend **ERIGE 600 mg TABLETS**. Daar moet voortgegaan word om toepaslike voorsorgmaatreëls te tref.

Swangerskap en borsvoeding:

Die veiligheid van **ERIGE 600 mg TABLETS** by swanger en lakterende vroue is nie vasgestel nie. Vroue wat swangerskap potensiaal het, moet swangerskapstoetse ondergaan voordat hulle met efavirens begin. Die veiligheid tydens laktasie is nie vasgestel nie. Dit word aanbeveel dat MIV-geïnfekteerde vroue onder geen omstandighede hul babas borsvoed om MIV-oordrag te voorkom nie.

As u swanger is of u baba borsvoed, raadpleeg u dokter, apteker of ander professionele gesondheidsorgwerker voordat u **ERIGE 600 mg TABLETS** neem.

Bestuur en gebruik van masjinerie:

Moet nie bestuur of masjinerie gebruik as u slaperig, lomerig is of voel dat u konsentrasie nie meer goed is nie.

Belangrike inligting oor sommige van die bestanddele van ERIGE 600 mg TABLETS:

ERIGE 600 mg TABLETS bevat laktose (melksuiker). Indien u weet dat u nie laktose kan verteer en metaboliseer nie (m.a.w. laktose-intoleransie), vertel u dokter voordat u **ERIGE 600 mg TABLETS** neem.

Neem van ander medisyne saam met ERIGE 600 mg TABLETS

Vertel altyd u gesondheidswerker as u enige ander medisyne neem (dit sluit komplementêre of tradisionele medisyne in).

ERIGE 600 mg TABLETS is in interaksie met indinavir, ritonavir, sakwinavir, rifampisien, klaritromisien, orale voorbehoedmiddels, metadoon en St. Johns-wort.

4. HOE OM ERIGE 600 mg TABLETS TE NEEM

Moenie medisyne wat vir u voorgeskryf is, met enige ander persoon deel nie.

Neem altyd **ERIGE 600 mg TABLETS** presies soos deur u dokter opdrag gegee het. U moet dit met u dokter of apteker nagaan as u onseker is.

Vertel u dokter of apteker as u die indruk het dat die effek van **ERIGE 600 mg TABLETS** te sterk of te swak is.

Volwassenes:

Die aanbevole dosering efavirens in kombinasie met 'n protease-remmer en/of nukleosied analoog omgekeerde transkriptase-remmer (NRTI's) is 600 mg oraal, een keer per dag.

Efavirens kan geneem word met of sonder voedsel, na wense. 'n Maaltyd met hoë vet kan die opname van efavirens verhoog en dit moet vermy word. Ten einde die verdraagsaamheid van newe-effekte van die senuweestelsel te verbeter, word die dosering aanbeveel voor bedtyd gedurende die eerste twee tot vier weke van terapie en by pasiënte wat aanhou om hierdie simptome te ervaar (sien **MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE**).

Gelyktydige antiretrovirale terapie:

ERIGE 600 mg TABLETS moet gegee word in kombinasie met ander antiretrovirale medisyne (sien **Gebruik van ander medisyne saam met ERIGE 600 mg TABLETS**).

Adolessente en kinders (17 jaar en jonger):

ERIGE 600 mg TABLETS kan geneem word met of sonder voedsel na wense. **ERIGE 600 mg TABLETS** kan slegs gebruik word by volwassenes en kinders wat 40 kg en meer weeg.

As u meer **ERIGE 600 mg TABLETS** neem as wat u behoort:

Sommige pasiënte wat per ongeluk 600 mg twee keer per dag inneem, het verhoogde simptome van die senuweestelsel gerapporteer.

In geval van oordosering, raadpleeg u dokter of apteker. As daar nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifbeheersentrum.

As u vergeet het om ERIGE 600 mg TABLETS te neem:

Moenie 'n dubbele dosis neem om op te maak vir die vergete dosis nie.

5. MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE

ERIGE 600 mg TABLETS kan newe-effekte hê.

Efavirens is oor die algemeen goed verdra in kliniese proewe. Efavirens is bestudeer by meer as 9 000 pasiënte. In 'n subgroep van 1 008 pasiënte wat daagliks 600 mg efavirens in kombinasie met protease-remmers en/of NRTI's ontvang het, was die mees dikwelse gerapporteerde ongewenste effekte van ten minste 5 % van die pasiënte wat behandel is, uitslag (11,6 %), duiseligheid (8,5 %), naarheid (80 %), hoofpyn (5,7 %) en moegheid (5,5 %). Naarheid is met 'n hoër frekwensie in die kontrolegroepe aangemeld. Die mees noemenswaardige newe-effekte wat met efavirens verband hou, is uitslag en senuweestelsel simptome.

Ander, minder dikwels, klinies beduidende behandelingsverwante ongewenste effekte wat in alle kliniese proewe gerapporteer is, sluit in: allergiese reaksie, abnormale koördinasie, ataksie, verwarring, bedwelmheid, vertigo, braking, diarree, hepatitis, verminderde konsentrasie, slapeloosheid, angs, abnormale drome, slaperigheid, depressie, abnormale denke, agitasie, amnesie, delirium, emosionele labiliteit, euforie, hallusinasie en psigose.

Bykomende ongewenste gevolge wat tydens die waarneming na bemarking gerapporteer word, is neurose en paranoïede reaksie, stuiptrekkings en dowwe visie.

Die tipe en frekwensie van die ongewenste effekte by kinders was oor die algemeen dieselfde as by volwasse pasiënte, met die uitsondering dat uitslag meer gereeld by kinders gerapporteer word en meer gereeld van hoër grade as by volwassenes was.

Uitslag: In kliniese studies het 26 % van die pasiënte wat met 600 mg efavirens behandel is, veluitslag ervaar, vergeleke met 17 % van die pasiënte wat in kontrolegroepe behandel is. Veluitslag is as behandelingsverwant beskou by 18 % van die pasiënte wat met efavirens behandel is. Ernstige uitslag het voorgekom by minder as 1 % van die pasiënte wat met efavirens behandel is, en 1,7 % het die behandeling gestaak weens uitslag. Die voorkoms van erythema multiforme of Stevens-Johnson-sindroom was 0,14 %.

Uitslag is aangemeld by 26 van 57 kinders (46 %) wat met efavirens behandel is en was ernstig by 3 pasiënte (5 %). Profilakse met toepaslike antihistamiene voordat die behandeling met efavirens by kinders begin word, kan oorweeg word.

Uitslag is gewoonlik ligte tot matige makulopapulêre veluitbarstings wat plaasvind binne die eerste twee weke nadat die behandeling met efavirens begin is. By die meeste pasiënte is die uitslag opgelos binne 'n maand met voortgesette terapie met efavirens. Efavirens kan weer ingestel word by pasiënte wat terapie onderbreek weens uitslag. Die gebruik van toepaslike antihistamiene en / of kortikosteroïede word aanbeveel wanneer weer met efavirens begin word. Ervaring met efavirens by pasiënte wat ander antiretrovirale middels van die NNRTI-klas gestaak het, is beperk. Negentien pasiënte wat nevirapien gestaak het weens uitslag, is met efavirens behandel. Nege van hierdie pasiënte het ligte tot matige uitslag ontwikkel tydens die behandeling met efavirens, en twee is gestaak weens uitslag.

Simptome van die Senuweestelsel:

Daar is al gerapporteer (ongeveer 1 tot 2 per duisend pasiënte wat behandel is met efavirens) van wanvoorstellings en onvanpaste gedrag, veral by pasiënte met 'n geskiedenis van geestesongesteldheid of dwelmmisbruik. Ernstige akute depressie (insluitend selfmoord-idees/-pogings) is ook selde by beide pasiënte wat met efavirens behandel is gerapporteer. Pasiënte wat hierdie simptome ervaar, moet onmiddellik hul dokter kontak, want dit kan nodig wees om efavirens te stop.

Twee en vyftig persent van pasiënte wat efavirens ontvang, het sentrale senuweestelsel en psigiatriese simptome aangemeld. Hierdie simptome sluit in, maar was nie beperk nie tot, duiseligheid, verminderde konsentrasie, slaperigheid, abnormale drome en slapeloosheid. In gekontroleerde toetse was hierdie simptome ernstig by 2,0 % van pasiënte wat efavirens 600 mg QD ontvang het, en by 1,3 % van die pasiënte wat kontrole-behandeling ontvang het. In kliniese studies het 2,1 % van die pasiënte wat met efavirens behandel is, die behandeling gestaak weens simptome van die senuweestelsel. Hierdie simptome begin gewoonlik gedurende die eerste of tweede dag van terapie en klaar gewoonlik na die eerste 2 tot 4 weke op. In een kliniese studie het die maandelikse voorkoms van simptome van die senuweestelsel van ten minste matige erns tussen week 4 en 45 gewissel van 5 % tot 9 % by pasiënte wat behandel is met regimen wat efavirens bevat en 3 % tot 5 % in pasiënte wat behandel is met die kontrole-behandeling. Pasiënte moet ingelig word dat hierdie simptome waarskynlik sal verbeter met voortgesette terapie. Dosering teen bedtyd verhoog die verdraagsaamheid van hierdie simptome en word aanbeveel gedurende die eerste weke van terapie en by pasiënte wat aanhou om hierdie simptome te ondervind

Pasiënte wat **ERIGE 600 mg TABLETS** ontvang, moet verander word vir die potensiële addisionele sentrale senuweestelsel gevolge wanneer **ERIGE 600 mg TABLETS** tesame met alkohol of psigo-aktiewe middels gebruik word.

Pasiënte moet in kennis gestel word dat **ERIGE 600 mg TABLETS** duiseligheid, verswakte konsentrasie en/of slaperigheid kan veroorsaak. Pasiënte moet opdrag gegee word dat, indien hulle hierdie simptome ervaar, hulle potensieel gevaarlike take soos bestuur of bestuur van masjinerie moet vermy. Nadelige kliniese ervarings van matige tot ernstige intensiteit is waargeneem in minder as 2 % van die pasiënte wat efavirens ontvang in alle fase II/III-studies, wat as ten minste moontlik verwant is of onbekende verwantskap het met behandeling en van ten minste matige erns beskou word, word hieronder deur die liggaamstelsel gelys:

Algemene afwykings en toedieningsplek kondisies:

Alkoholverdraagsaamheid, allergiese reaksie, astenie, warm gloede, griepagtige simptome, malaise, pyn en sinkopee.

Maag:

Gastritis, gastroënteritis en gastro-esofageale refluks, smaakafwyking.

Oor en labirint afwykings:

Tinnitus.

Hartafwykings:

Blosing, hartkloppings en tagikardie.

Lewer- en galafwykings:

Geelsug.

Metaboliese en Voedingsafwykings:

Gewigstoename en gewigsverlies.

Muskuloskeletale, bindweefsel en beenafwykings:

Artralgie en mialgie.

Senuweestelselafwykings:

Verergerde depressie, agitasie, amnesie, angs, apatie, verhoogde aptyt, ataksie, verwarring, emosionele vermoëns, euforie hallusinasie, verswakte koördinasie, impotensie, verminderde libido, verhoogde libido, migraine hoofpyn, neuralgie, paraestesie, perifere neuropatie, spraakversteuring, bewing en vertigo .

Respiratoriese, torakale en medistinale afwykings:

Asma, sinusitis en infeksies in die boonste lugweg.

Vel en subkutane weefselafwykings:

Aknee, alopesie, ekseem, follikulitis, seborree, velafskilfering en urtikarie.

Oogafwykings:

Abnormale sig.

Ondersoeke:

Verhoogde lewerensiemwaardes het voorgekom, veral by pasiënte met virale hepatitis. Verhoogde konsentrasies in serum cholesterol en trigliseriede is aangemeld.

Lewerensieme: Die verhoging van AST en ALT tot meer as vyf keer die boonste limiet van die normale omvang is gesien by 3 % van die 1 008 pasiënte wat met 600 mg efavirens behandel is. Soortgelyke verhogings is ook gesien by pasiënte wat met kontrole-behandelings behandel is. In 156 pasiënte wat behandel is met 600 mg efavirens wat seropositief was vir Hepatitis B en/of C, het 7 % AST-vlakke ontwikkel en 8 % het ALT-vlakke groter as vyf keer die boonste limiet van die normale reeks ontwikkel. By 91 pasiënte wat seropositief is vir Hepatitis B en/of C, behandel met kontrole-regimen, het 5 % AST-verhogings ontwikkel en 4 % het ALT-verhogings tot hierdie vlakke ontwikkel. Verhogings van GOT tot meer as vyf keer die boonste limiet van die normale omvang is waargeneem by 4 % van alle pasiënte wat met 600 mg efavirens behandel is, en by 10 % van die pasiënte wat seropositief is vir Hepatitis B of C. By pasiënte wat met kontrole behandel is. Die voorkoms van GOT-verhogings tot op hierdie vlak was 1,5 tot 2 %, ongeag die serologie van Hepatitis B of C. Geïsoleerde verhogings van GOT by pasiënte wat efavirens ontvang, kan die induksie van ensiem weerspieël wat nie verband hou met lewertoksisiteit nie.

Lipiede: 'n Verhoging van die totale cholesterol van 10 tot 20 % is waargeneem by sommige onbesmette vrywilligers wat efavirens ontvang. Verhogings in nie-vastende totale cholesterol en HDL van onderskeidelik ongeveer 20 % en 25 % is waargeneem by pasiënte wat met efavirens + SDV + 3TC en van ongeveer 40 % en 35 % behandel is, by pasiënte wat met efavirens + IDV behandel is. Die effekte van efavirens op trigliseriede en LDL was nie goed gekenmerk nie. Die kliniese belang van hierdie bevindings is onbekend.

Nie alle newe-effekte wat gerapporteer is vir **ERIGE 600 mg TABLETS** is ingesluit in die biljet nie. Sou u algemene gesondheid agteruitgaan of u enige ongewenste gebeure ervaar terwyl u **ERIGE 600 mg TABLETS** gebruik, moet u u dokter, apteker of ander gesondheidsorg professioneel vir advies nader.

Indien u enige newe-effekte waarneem wat nie in hierdie biljet genoem word nie, lig u dokter of apteker in.

6. BERGING EN WEGDOENING VAN ERIGE 600 mg TABLETS

Bêre by of onder 30 ° C.

HOU ALLE MEDISYNE BUITE BEREIK VAN KINDERS.

Neem alle ongebruikte medisyne na u apteker.

Moenie ongebruikte medisyne in dreine of rioolstelsels (bv. toilette) wegdoen nie.

7. AANBIEDING VAN ERIGE 600 mg TABLETS

Tablette word verpak in wit, ronde 80 ml HDPE-houers met skroeftipe polipropileen sluitings met induksie-seëlprop.

Pakgrootte: 30's: Een HDPE-houer met 30 tablette.

8. IDENTIFIKASIE VAN ERIGE 600 mg TABLETS

Geel ovale bikonvekse filmbedekte tablette gebosselleer met 'D' aan die een kant en '37' aan die ander kant.

9. REGISTRASIENOMMER

SUID-AFRIKA: 41/20.2.8/0513

10. NAAM EN ADRES VAN REGISTRASIEHOUER

Novagen Pharma (Pty) Ltd
Kantoor 2, Sovereignrylaan 100
Route 21 Corporate Park
Nellmapiusrylaan
Irene - Pretoria
Suid-Afrika
+27 (0) 12 345 3175

11. DATUM VAN PUBLIKASIE

Datum van registrasie: 30 November 2007
Datum van die nuutste hersiening van die teks soos deur die Raad goedgekeur: 30 November 2007
Datum van kennisgewing met betrekking tot gewysigde Reg. 9 en 10: 02 Februarie 2015.

P1522658